

## Prystrekking vir opgedateerde inligting

### Bepalings en voorwaardes:

1. Die wenner van die prystrekking ontvang R20 000 kontant.
2. Om vir die prys in aanmerking te kom, moet jy as aktiewe lid van Solidariteit jou inligting op datum bring.
3. Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad maak deel uit van die bepalinge en voorwaardes vir deelname.
4. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalinge, reëls en voorwaardes.
5. Die kompetisie sal oop wees vanaf 12 Junie 2018 tot 12:00 op 16 November 2018.
6. Die wenner sal teen 16 Desember 2018 aangekondig word.
7. Slegs een inskrywing per Solidariteit-lid sal voldoende wees.
8. Om vir die prys in aanmerking te kom, moet jy bo die ouderdom van 18 jaar wees.
9. Werknemers van Solidariteit en hul gesinslede is van hierdie kompetisie uitgesluit.
10. Solidariteit behou die reg voor om 'n onderhoud met die wenner te voer, foto's te neem en dit te publiseer. Die pryswenner sal in *Soldeer*, op Solidariteit se Facebook-blad, op [www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za) en in die *Solidariteit Tydskrif* aangekondig en gepubliseer word.
11. Alle inskrywings word die eiendom van die Solidariteit Beweging en sal vir toekomstige promosiedoeleindes in 'n databasis vasgelê word. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.
12. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van die prys.
13. Die wenner onderneem om 'n vrywaringsvorm te onderteken alvorens hy/sy die voordele en prys as wenner kan geniet. Indien die wenner weier om sodanige vrywaringsvorm te onderteken, verbeur hy die prys en 'n nuwe wenner sal aangewys word.
14. Indien Solidariteit nie daarin slaag om 'n pryswenner binne vyf werksdae na die finale trekking per e-pos of telefonies in die hande te kry nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
15. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur is nie bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)